No 1377 2 Julie 2017

GEMEENTEBRIEF

Kol 2:14: "Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem."

Gereformeerde Kerk
Pretoria-Alkantrant

Webtuiste: www.gk-alkantrant.co.za • **Facebook:** Gereformeerde Kerk Alkantrant • **Predikant**: Ds Dirk Kotzee: 079 305 3297, dkotzee@gmail.com • **Skriba:** Hennie Klopper: 082 578 1417, hbklopper@webmail.co.za •**Administratiewe beampte:** Rina de Villiers: 081 599 2321, pikkie.rina18@gmail.com •**Attes skriba:** Tjaart van der Walt: 083 303 1275, mwnts@mweb.co.za
Bankbesonderhede: GK Alkantrant, Absa-rekeningnommer 540 340 404, Takkode: 334 745.

Erediens

Hartlik welkom by die erediens. Daar is vanmôre slegs een erediens om 09:00. Die erediens word gelei deur ds Attie Bezuidenhout.

Erediens

Lees: 1 Tessalonisense 1: 1 - 10
Tema:

- Is jy 'n voorbeeld vir ander?
- Wat getuig ander van jou?

Sing

Psalm 148: 7, 8 en 9
Skrifberyming 12-2: 1
Skrifberyming 9-3: 1 en 2
Skrifberyming 14-1: 1, 2 en 3

Kollektes

Tydens erediens: Diakonale kas
By die deure: Ekumenisiteit
Volgende Sondag: Teologiese student-kas

Diensbeurt
Die Ouderling van wyk E2 is vandag aan diens:
Ouderling Henk Badenhorst
Diaken Danie Dreyer

Gemeentesake

Lief en leed

Br Mac Botha gaan die komende week vir 'n knie operasie.

Ons bid hierdie gesinne en hulle geliefdes die troos van ons hemelse Vader toe in hierdie tyd van beproewing. Ons bid, as dit Sy wil is, dat Hy genesing sal skenk.

Kerkraad

Die volgende broeders is verkies in die amp as diaken: Br. Johan Muller en Br. Bennie Coetzee. Ons bid hierdie broeders die seën van die Here toe op hulle oorweging van hierdie roeping.

Gemeentelike aktiwiteite

Nuwe intrekkers

Hartlik welkom aan ons nuwe intrekkers!
Ons wil graag kennis maak. Ontmoet die kerkraad in die konsistorie of skakel gerus met ds Dirk by: dirk@gk-alkantrant.co.za of dkotzee@gmail.com

Gemeentekamp

Almal wat belangstel om die gemeentekamp die naweek van 15 September by te woon, kan asseblief hulle name opskryf op die lys in die portaal. Die kamp vind plaas by die Weesgerus-oord. Voorlopige kostes:

Kampering: R470 vir die naweek.

- Chalet: R1 700 vir 2 persone vir die naweek
- Chalet: R2 340 vir 4 persone vir die naweek
- Chalet: R3 180 vir 5 persone vir die naweek
- Chalet: R4 020 vir 6 persone vir die naweek

Die pryse is voorlopig aangesien ons volgens die grootte van die groep afslag kry en daarmee saam nog werk vir algehele subsidiëring van die kamp ter wille van bekostigbaarheid. Indien u sou belangstel, plaas asseblief u naam op die lys, ook al is dit dalk voorlopig nie bekostigbaar nie. Ons sal graag help indien u graag wil gaan maar dit nie kan bekostig nie.

Ons het reeds 16 staanplekke bespreek en vier chalets. Maak jou bespreking so spoedig moontlik,

dat ons kan aanpas as ons nie in die voorlopige bespreking in julle gesin se behoeftes voorsien nie.

Sustersake

Koeksisters

Vars gebakte koeksisters is beskikbaar in die portaal @ R 25.00 p/dos. Die wins word vir Liefdadigheid aangewend. Ondersteun ons asb.

Kaartjies

Beskikbaar vir alle geleenthede in die portaal. Opbrengs gaan aan Reddersburg kinderhuis.

Knysna Hulp

Vir almal wat hulle weg oopsien om 'n bydrae te maak tot die Knysna en Plettenbergbaai hulpfonds, het ons die SDDS se bankbesonderhede in die nuusbrief geplaas.

Rekeningnaam: SDDS
Bankiers: ABSA
Rekeningnommer: 3330141750
Takkode: 632005
Verwysing: Nood Eden

Fondsinsameling: Hout en vleis

Daar is braaihout beskikbaar teen R30/sak en vir ’n groot streepsak R100/sak. Heerlike wildswors en maalvleis teen R75/kg.

Daar is ook wildspastei (medium R50/elk en groot R100/elk), droëwors, biltong.

Ná die erediens kan Nico of Marius u help by die motorhuis agter die konsistorie.

Gedagte vir die week

- Pinterest

Verjaardae

Hartlik geluk aan almal wat hierdie week verjaar. Ons bid julle ’n geseënde en voorspoedige lewensjaar toe.

Woensdag 5 Julie

Marlize Swanepoel	083 336 2510
Rina Yssel (74jr)	012 997 0560

Donderdag 6 Julie

Gerhard Engelbrecht	072 494 6561

Vrydag 7 Julie

Flippie Helberg	012 997 3348

Saterdag 8 Julie

Genie Conradie	083 378 4252
Annatjie de Kock	083 470 0030
Basie Kuhn	083 263 0713
Maryn Potgieter	082 886 7513

Dagboek

Hierdie week

1-8 Julie	Mootkamp
2 Julie	Erediens om 09:00
Week 2	
9 Julie	Erediens om 09:00
Week 3	
16 Julie	Erediens om 09:00
Week 4	
23 Julie	Erediens om 09:00
24 Julie	Skole Heropen

Advertensies

Indien daar plek in die *Gemeentebrief* is, plaas ons u advertensies gratis. Reël asseblief met die redaksie in verband met die tydperk van die plasing. Advertensies en berigte moet ons voor 11:00 op die Donderdag voor voorgestelde plasing bereik.

Susan Swanepoel Musiekskool

Onderrig in klavier, teorie en harmonie en afrigting in sang. Alle grade. Begeleiding van alle instrumente en sang.

Skakel *Susan* by 083 252 0983 of 012 993 1074.

Vakansieverblyf: Wes-Kaap

Vakansiehuis te huur in Kleinmond. 6 Slaapkamers, ten volle toegerus. Loopafstand na die strand. Geen troeteldiere. Beskikbaar teen R1 000 p/d vanaf Desember tot April asook naweke. Alle ander tye is die huis beskikbaar teen R800 p/d, minimum 10 dae.

Skakel *Nols* of *Bettie Swanepoel* by 082 553 8960 of e-pos hulle by nolsswa@vodamail.co.za

Loodgieterswerk
Frieswyk Loodgieters vir enige loodgieterswerk. Skakel *Gerrit van Wyk de Vries* by 083 271 0892.

Bioway multi-insekdoder
Dodelik vir miere, stofmyte, vlieë, kokkerotte, muskiete, ens. Dit word gebruik in hospitale, skole en restaurante en is veilig om in koskaste, ook rondom jou troeteldiere en selfs naby jou kinders te gebruik.
Asook verspreider van **Aloe ferox** en **Global Herbal** gesondheid en skoonheidsprodukte.

Skakel *Anna van der Walt* by 064 687 1778.

Finansiële adviseur
Kontak my gerus vir ’n volledige finansiële analise van u portefeulje of vir ’n spesifieke behoefte.
Dienste sluit in:
Langtermynversekering, lewens-, ongeskiktheids-, inkomstebeskermers- en gevreesdesiekte-dekking

- Beleggings
- Aftredebeplanning
- Korttermynversekering
- Mediese fonds
- Trusts en testamente

Skakel *Anri Kotzee* by 071 467 6571 of e-pos by anri@ffg.co.za.

Wonderboom simpleks te huur
Ruim simpleks in veilige kompleks. 3 leefareas, 3 slaapkamers, 2 badkamers, 2 toesluit-motorhuise en ’n klein tuin. R8 500 per maand.

Beskikbaar 1 Junie 2017.

Kotak vir *Frans du Preez* by 082 371 2033 of *Ingrid du Preez* by 071 686 5111.

Juwele te koop
Bekostigbare egte silwer juwele te koop.

Kontak F*rançoise Viljoen* by 083 357 5833 of stuur ’n e-pos aan franviljoen@gmail.com.

Boomsloping en snoeiwerk
Jac Marais, ’n lidmaat van die GK Kameeldrift, sloop en snoei bome en struike in tuine.

Skakel 012 819 1316 of 082 412 7137.

Vars gebak en spyseniering
Koeke, terte, kolwyntjies, beskuit, “platters” en spyseniering vir funksies, verjaardae, kinder-partytjies, doop of spesiale geleenthede.

Skakel *Christiaan Swanepoel* by 073 769 0455 of stuur ’n e-pos aan cjswan4@gmail.com.

Sang

Psalm 148

7. Loof, volke, heersers, regters saam,
   loof, jonges, oues, God se Naam,
   Loof Hom, want in sy majesteit
   heers Hy oor alles wyd en syd.

8. Laat ons dit in ons lof vertel:
   Hy het sy volk in eer herstel
   Aan hulle het Hy mag gegee,
   sy volk het Hy met roem beklee.

9. Kom prys die Heer met dankbaarheid.
   Prys Hom in al sy majesteit.
   Die volk wat naby aan Hom staan,
   hef hoog 'n halleluja aan.

Skrifberyming 12-2

1. Ek geloof in God die Vader
   wat almagtig wys en trou,
   Skepper is van alle dinge
   en dit nog in wese hou.
   Ek geloof in Jesus Christus,
   wat ons in aanbidding eer:
   Eengeboorne van die Vader,
   in sy hoogheid onse Heer.

Skrifberyming 9-3: 1 en 2

1. Voor u wet, Heer, staan ons skuldig.
   Liefde is die groot gebod!
   Liefde is ons steeds verskuldig
   aan ons naaste en ons God.
   Ons wil u gebod bewaar,
   maar ons struikel baie kere.
   Leer ons liefde vir mekaar,
   maar bo al vir U, o Here.

2. Liefde doen aan niemand kwaad nie -
   dis vervulling van die Wet.
   Die gebod mag ons nie laat nie,
   maar met ywer daarop let.
   Ons weet, ver is reeds die nag;
   ken die tydsomstandighede -
   weldra breek die volle dag,
   Wek ons, Heer, uit valse vrede!

Skrifberyming 14-1: 1, 2 en 3

1. Waak, Christen, staan in die geloof
   dat niemand jou die kroon ontroof!
   Wees wys en dapper, sterk en moedig,
   - steeds toegewy aan God se werk,
   standvastig, onbeweeglik, sterk,
   vol ywer, altyd meer oorvloedig
   dan sal jou arbeid in die Heer
   tot seën wees, sy Naam ter eer!

2. Wees, Christen, in jou Heer versterk,
   want Hy wil altyd in jou werk
   om kwaad en sonde te weerstrewe.
   Verrig jou taak met vaste hand,
   en doen jou woord altyd gestand;
   wil daarby rein en magtig lewe.
   En wil die Here dat jy ly,
   o Christen, leer geduld daarby!

3. Beoefen die godvrugtigheid
   en wees jou medemens altyd
   tot voorbeeld in jou lewenswandel.
   Jy moet uit liefde teenoor God,
   in opdrag van die groot gebod,
   uit liefde tot die naaste handel.
   O God, staan met u gees ons by
   sodat u liefde in ons bly.